


Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Vadersdag Gesinserediens saamgestel deur:
Martiens Swart - 21 Junie 2020

TEKSVERSE: Deuteronomium 32:6, Maleagi 1:6 en 8 en Efesiërs 6:2

INLEIDING: Vadersdag en vaderskap... soveel herinneringe, soveel betekenis... wat ons elkeen raak. Sommige is meer bewus van die gevolge van die pa wat hulle in die lewe het of gehad het as ander... basies is daar soveel dinge wat in jou DNA gevleg is wat jou maak wat jy is... Maar vandag moet ons ook dink aan die gevolge wat ons verhouding met God as Hemelse Vader op ons het.

Maar vier saam Vadersdag... en dit kan nogal 'n verskil in jou lewe van hieraf maak.



As jy wonder wat hierdie weegskaal hier maak?

Ek wil dit later gebruik om iets belangrik te verduidelik wat in ons Bybeltekse gebruik word.

MAAR Ek GROET jou nou eers...

In die Naam van die Vader,
Jesus Christus en die Heilige Gees...
Genade vir jou en vrede.



AAN ELKE PA: Spesiale waardering en seën op hierdie dag vir jou Pa-wees in hierdie tye. Terwyl ons almal die Here wil dank vir ons Pa's... party nog in ons midde, terwyl ander van ons met dank dink aan die Here vir wat ons Pa's vir ons beteken het.

Kom ons BID net eers saam:

Ons Hemelse Vader, ons kom met eer en dankies uit ons harte na U. Meer as wat ons kan dink het U uit liefde vir ons reeds gegee ter wille van lewe, ware lewe... meer as wat ons kan verwoord is in ons harte om U mee te aanbid en U mee dankie te sê.

Ons as pa's self Here... dankie vir die voorreg van pa wees en help ons asb want dis vir ons eintlik te veel. Ook vir ons wat pa's het of gehad het wat soveel in ons lewens agter gelaat en ingebou het... daarvoor loof ons U. Lei ons in hierdie oomblikke sinvol saam verder aseblief Vader.

Amen

BOODSKAP:

Kom ons begin by die oorsprong van alle Vaderskap

Ek lees eers net woorde uit twee verse:

Deuteronomium 32:6

“Is die Here nie jou Vader, jou Skepper nie? Hy het jou gemaak, jou in die lewe gebring.”

In Maleagi 1:6 - 8

“As Ek dan vader is (sê die Here), waar is die eer wat My toekom?

Wanneer julle 'n blinde ding bring om te offer, is dit dan nie verkeerd nie? En wanneer julle 'n siek of lam ding bring (dit wil sê minderwaardige offers) is dit dan nie verkeerd nie?”



1. **AS JY GOD KEN VIR WIE HY IS...** het dit gevolg, ... dit kom uit in jou offers en lewe en wat jy van Hom dink en hoe jy Hom ken.

As jy God nie ken vir Wie Hy is nie, nie uit 'n persoonlike verhouding Hom ken nie, sal jy Hom nie waardeer nie en sal jou reaksie teenoor Hom Persoonlik dit wys...

- dit sal in jou offers eerste wys...
- Lees jy verder in Maleagi wys dit ook hoe dit daarin uitgekóm het en ook in hulle praktiese lewens - ons lewens wat ook maar ons antwoord is op God en wat Hy vir ons is, en beteken, en sê in die lewe.

Wat wys jou offers by die kerk en vir die gemeenskap? Wat wys jou opofferings en lewe in verband met wat daar is tussen jou en God die Vader en wat jy dink van wat Hy sê oor jou lewe?

2. OM GOD AS VADER BETER TE KEN

Vaderskap begin by God as Vader.

- Deuteronomium 32:6b "... is die Here nie jou Vader nie."

Die Hebreuse grondteks van hierdie woorde dui aan dat die woord vir *Vader "Ab" is wat letterlik beteken oorsprong of begin.*

So, besef en leer God ken as jou oorsprong... jy is uit Hom... jy het die Skepper Koning as jou begin... jy is van oorsprong 'n besondere Koning se spruit of kind... en dus is jy 'n besondere prins of prinses.

Hoe kan jy Hom ontken, of maar net veraf hou ...!

Hoekom kan ons nie begin leef by wat ons pas nie en soos 'n prins of prinses ons gedra nie.

- *Die Heilige Gees wil soos nooit tevore jou nader terugbring* waar jy hoort om God die Almagtige te ken op 'n intieme nabye vlak met 'n innige respekvolle verhouding met Hom. Dis mos wat bedoel word met **Romeine 8:15**: "Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie... julle het 'n Gees



ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba'... " dit beteken Pappa.

- **Deuteronomium 32:10** Daarvolgens word Hy nog beter geopenbaar, anders as die koue veraf figuur wat net gereed is om jou te straf vir 'n verkeerde stap nie.

Daar staan bv: "Die Here(die Vader) het sy volk omhels, hom vertroetel, en versorg soos die appel van sy oog..."

... Wie dit alles besef (ons God met 'n persoonlike warmte en 'n God wat soek, 'n God wat jou kan omhels en vertroetel soos die appel van Sy oog... dit vra jou meegaan en nie wegstrem nie) ... soek ook God op met die grootste respek, dink anders oor homself / haarself en leef met hierdie respek vir Hom...

3. **AS JY 'N PA IS, BESEF** dat jy hierdie Vader verteenwoordig as Sy beelddraer.

Ons Pa's het dit nie altyd besef nie en waar hul altyd met hulle vaderskap ons moes wys na die Vader... Maar baie keer het hulle deur hulle vaderskap, sommige afgeskrik van 'n vader... Watter hartseer is dit nie?

Maar Hyself wil dit oorkom en Hom deur die hulp van die Gees aan jou openbaar.

Wees oop daarvoor dat Hy Homself as unieke vader bekendstel aan jou.

4. **'N PA, EN DIE HEMELSE VADER MOET GEËER WORD...** en ons God seën so 'n gesindheid en lewe, met eer aan jou pa en eer aan Hom as hemelse Vader

- "eer" Hom... Maleagi 1:6b "As Ek dan vader is, waar is die eer vir my?"

En Efesiërs 6:2 vir alle kinders: " 'Eer jou vader en jou moeder' is 'n belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: 'sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde'."



Kyk na die twee-bakkie-skaal. Waar vertaal word “eer” staan daar in die Hebreus, waaruit die vertaling kom, letterlik: “Laat swaar wees”.



- Wie besef wie God is, besef Hy is ‘n uitsonderlike, groot, wonderlike Persoon, en niemand minder nie as my oorsprong, my eintlike spesiale Pa, sal Hom eer... dit wil sê Hom gewigtig ag, Hy sal swaar weeg, jy sal Hom laat tel en sy woorde swaar laat weeg en laat tel in jou lewe.

Maar kyk wat gebeur met die twee-bakkie-skaal: laat jy eenkant swaarder weeg, word die ander kant ligter. Hy moet meer word en ons minder. So eer ons God en so behoort ons ook ons menslike, swakke, gebroke pa’s te eer. Hulle het dit so nodig.

Iets wat jy aan God gee, soos ‘n offergeskenk, ‘n dankoffer vir die kerk of hulp aan ander... dit sal vertel dat jy Hom uiters belangrik ag en dit sal wys: jou beste en jou meeste moontlik ... dis hoe belangrik Hy regtig vir jou is... geen afskeep vir Hom nie!

- Daar is ook iets spesiaal aan so ‘n naby verhouding met ‘n aardse pa wat jou lewe diep beïnvloed. Bv ‘n sekere bekende Boswell het altyd vertel hoe een dag se visvang met sy pa sy hele lewe beïnvloed het. Toe iemand dit naderhand navors en sy pa se dagboek opspoor staan daar in die pa se dagboek: *Gone fishing with my son. A day wasted.* Hy het nie besef hoe tyd naby sy seun hom so kon baat en beïnvloed nie! So ook met die Hemelse Vader.

As jy Hom naby ken en besef Wie Hy is as jou Vader, jou oorsprong, word jyself anders en jou lewe verander. ‘n Vader wat intiem naby wil wees en jou wil omhels en vertroetel, het ons gesien.

Hoe ken jy God jou Vader... veraf... naby..? Hoe jy is en jou offergawes en lewe sal dit verklap. Hy verlang jou naby... Sy Gees wil jou help! Laat Hy jou omhels en



vertroetel soos die appel van sy oog terwyl jy net stil biddend by Hom sit. 1 Johannes 4:19 "Ons het lief, omdat God ons eerste lief gehad het." Dit wil sê: Laat Hy jou so liefhê, dan kan jy ook warm naby jou kinders en ander kom, hulle omhels, vertroetel, versorg... warm naby liefde gee en sekuriteit.

Met 'n nuwe vaderskapsbesef en belewenis met God kan soveel verander en heel word en vernuwe.

TEN SLOTTE: Hoe naby is jou verhouding met God as Vader?

- **So 'n naby verhouding verander jou** hart en houding en verhoudings... Soek dit by Hom. Hy verlang dit van jou ook, om nader te kom.
- **As jy 'n pa is...** jy kan net pa wees, as jy God as Vader ken, innig beleef en verander word.
- **Vandag is die dag om 'n pa en die hemelse Vader te "eer".**
 - **Laat jou pa swaarder weeg, belangriker wees** terwyl jy hom nog het.
 - **Begin om God as Vader meer te waardeer, laat sy liefde en woorde swaarder weeg, maar dan sal jy ter wille van Hom minder word...** Maar dan sal jy die hele lewe ook anders belewe!!

Nou het ek nie woorde om te bid nie... bid saam as ons nou by 2 besondere liedere kom...

Die Onse Vader:

Ons Vader wat woon in die hemel

Geheilig sy U naam

Laat U ryk kom

U wil geskied

Soos in die hemel

So ook op die Aarde

Gee ons vandag ons daag se brood

En vergewe al ons skulde



Net soos ons vergewe
Die wat teen ons sonde
Laat kom ons nie in die versoeking
Maar verlos ons van die bose
Want U is die ryk en die sterkte en die Here
Vir ewig
En ewig
Amen

SEËNGROET:

Mag jy 'n baie geseende Vadersdag beleef... In die eerste plek met God as Vader...
met Wie jy bietjie eenkant moet kom,

En dalk ook met 'n Pa met wie jy kontak kan maak met opregte eer... of anders met
dankbare herinneringe as hy nie meer met ons is nie.

**“Die genade van ons Here, Jesus Christus sal met jou wees;
Die helpende gemeenskap van die Heilige Gees sal met jou wees;
Die onpeilbare Liefde van God die Vader sal met jou wees,
want niks sal jou van sy liefdevolle teenwoordigheid skei nie.”**

Vaderdag Seënbede Lied:

Pa, broer, oupa, jy's uiters spesiaal

Ons eer jou as ons huis se hoof,

Tot ons Hemelvader neerdaal.

Amen, amen, haleluja,

Die een op wie ons vertrou

Ons is baie lief vir jou!

Amen, Amen.



ADDENDUM:

Ons Gevolgtrekkings:

1. Wie God as Vader van naby leer ken, verander - dit raak jou offers - wat vertel jou offers by die kerk en wat jy gee vir ander in nood van jou? Dis mos maar jou reaksie teenoor God en wat jy van Hom dink.
2. Dit verander jou siening en belewenis van jouself as Sy koningskind
3. Dit verander die beeld wat jy uitstraal as jy 'n pa is.
4. Dit verander elke mens se belewenis van sekuriteit en geliefdwees en die selfvertroue warmee jy gaan lewe in hierdie wêreld, wetende dat jy leef op die plaas van jou hemelse Vader aan Wie alles behoort.

OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.

Absa Tjekrekening 1460165489

Takkode:632005

Verwysing: Dankoffer

